



Vak: Graad 4 Afrikaans

Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 79 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die letters **a, e, i, o** en **u** is **vokale** ("vowels"). Al die ander letters van die alfabet is (1) .

Wanneer **een konsonant tussen vokale** staan ("one consonant between vowels"), **verdeel** ons die **woord voor die konsonant** ("divide the word before the consonant"), byvoorbeeld:

ape (2) en lewe (3) .

Opsies Is: diftonge | konsonante | ap - e | a - pe | lew - e | le - we

1	
3	

2	
---	--

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Is hierdie sin reg geskryf?

Mnr. en Mev. brand koop by pick 'n pay brood en melk.

WAAR

ONWAAR

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die antoniem ("antonym") van maklik is (1) en van hitte is (2) .

Opsies Is: laf | moeilik | koelte | koue

1	
---	--

2	
---	--



Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

'n Woord wat 'n **deelteken het**, word in **lettergrepe verdeel** ("divided into syllables") ... die deelteken.

Antwoord net met VOOR of NA.

--

Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kyk na die volgende sin:

Ek hou van die sjokolade, maar dit is baie soet.

Daar is altyd 'n (1) voor want en maar. 'n Sin eindig altyd met 'n (2) .

Opsies Is: komma | vraagteken | punt | uitroepteken

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Verander die volgende versoek na die ontkennende vorm:

Skryf asseblief my nommer neer.

Skryf **die hele sin** neer.

--

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Sy praat (1) en (2) aanmekaar. Dit beteken sy praat vreeslik baie.

Opsies Is: rond | rep | bond | land | roer | sand

1	
----------	--

2	
----------	--



Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Benoem die soort sin: "Gaan soek die rugsak dadelik! (immediately)"

--

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Voltooi die volgende sin in die ontkennde vorm:

Gaan jy êrens heen?

(1) , (2) gaan (3) heen (4) .

Opsies Is: nêrens | ek | jy | Nee | nie

1	
3	

2	
4	

Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

"Ek het nog nooit 'n wurm geëet nie."

Watter **soort** ("type") **sin** ("sentence") is dit?

A	Stelsin
B	Bevelsin
C	Uitroepsin
D	Vraagsin

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

... word altyd aan die begin van 'n sin geskryf.

A	Kommas
B	Punte
C	Hoofletters
D	Uitroeptekens



Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die seun het met 'n stink spoed beweeg om hulp te gaan soek, beteken hy het ...

- | | |
|----------|---------------------------------|
| A | vreeslik vinnig beweeg. |
| B | nie lekker geruik nie. |
| C | op die grond geseil. |
| D | deur die vullishoop gehardloop. |
-

Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Die woord **hare** kan verdeel word in **twee oop lettergrepe**: ha - re.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|
-

Vraag 14: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wanneer ek in die klas instap, is daar een deur.

By ons huis is daar baie

- | | |
|----------|--------|
| A | deures |
| B | deure |
| C | deurre |
| D | deurs |
-



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15, 16



Vraag 15: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Elke kind in die klas sit op 'n stoel. Daar is vier (1) . Juffrou se tafel is groot, maar die kinders se (2) is klein.

Opsies Is: stoele | stoele | tavel | tafels | stoels | tafelle

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Daar is een juffrou en baie (1) in die klas.

Daar is een rooi (2) op juffrou se tafel.

Opsies Is: kinnere | kinders | apple | appel

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 17: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die meervoud van nes is (1) en van gesig is (2) .

Opsies Is: neste | nesse | gesigte | gesigge

1	
---	--

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wat is die enkelvoud van boeke?

- | | |
|----------|--------|
| A | boek |
| B | boekes |
| C | boek |
| D | book |
| E | boek |

Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee die meervoud van die onderstreepte woord in die volgende sin.

Mag ek die lemoen vir die kinders gee?

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

'n Ander woord vir nou is tans.

WAAR

ONWAAR

Vraag 21: Veelvuldige Keuse

4 punte

Gee die ontkennde vorm van:

Sien iemand my boek?

- | | |
|----------|------------------------------------|
| A | Nee, iemand sien my boek nie. |
| B | Nee, niemand sien jou boek nie. |
| C | Nee, nie iemand sien jou boek nie. |
| D | Niemand sien jou boek nie. |

Totaal: 79 Punte